



Afrikaans


HOPE TO OTHERS

MAKE WAVES



JOHN 4

#imagine



CREDO

Ons is die #imagine generasie.

Ons glo in môre,
want Jesus maak nuut.

Ons droom van vrede,
want God is liefde.

Ons bring verandering,
want die Gees beweeg.

Ons is die kerk van vandag,
die leiers van môre.

ONS IS DIE
#imagine
GENERASIE!!

INHOUD

1. Wat is #imagine?	2
2. Hoe om hierdie boekie te gebruik	3
3. Ysbrekers	4
4. Teks: Johnannes 4	6
5. Sessie 1: DORS! (Vrydagaand)	8
6. Sessie 2: DRINK! (Saterdagoggend)	9
7. Sessie 3: DEEL! (Saterdagagaand)	10
8. Sessie 4: MAAK GOLWE! (Sondagoggend)	11
9. Opvolg Bybelstudies	12
10. "Encounter stations" (Gebedstasies)	28
11. Gebedsonderwerpe	29
12. Aksie Stasies	30
13. Groep name en nommers	32
14. "Connect" Aanlyn	33

WAT IS #imagine ?

#imagine is 'n landwyse beweging waar jongmense bymekaarkom om te droom, glo en doen. Elke jaar, op dieselfde naweek, is daar drie experiences (kampe) by drie verskillende plekke, waar ons meer oor Jesus leer, Hom loof en prys en ander jongmense van verskillende gemeenskappe regoor Suid-Afrika leer ken.

Die #imaginemovement daag tieners uit met 'n reuse visie: Elke probleem in ons land is 'n unieke geleentheid vir jou om 'n verskil te maak. God roep jou en wil deur jou lewe werk.

AAN HOM, WAT DEUR SY KRAG WAT IN ONS WERK, MAGTIG IS OM ONEINDIG MEER TE DOEN AS WAT ONS BID OF DINK, AAN HOM KOM DIE EER TOE, IN DIE KERK, DEUR ONS VERBONDENHEID MET CHRISTUS JESUS, DEUR AL DIE GESLAGTE HEEN TOT IN ALLE EWIGHEID. AMEN.

EFESIËRS 3:20-21

Now to Him who is able to do immeasurably more than all we ask or **imagine**, according to his power that is at work within us, to Him be glory in the church and in Christ Jesus throughout all generations, for ever and ever! Amen.

Ephesians 3:20-21

HOE LAAT HIERDIE TEMA JOU VOEL? SKRYF DIT NEER EN AAN DIE EINDE VAN DIE BYBELSTUDIES, KOM TERUG EN LEES WAT JY GESKRYF HET.

HOE GEBRUIK JY HIERDIE BOEKIE?




Welkom by hierdie spesiale boekie, geskep om jou te help om jou geloofsreis tydens en ná die #imagine-experience (kamp) voort te sit. Die eerste deel van die boekie kan jy gebruik tydens die sessies gedurende die naweek. Daarna is daar nog 16 Bybelstudies wat jy alleen en/of saam met 'n groep kan doen om verder te groei.

Tydens die #imagine-experience fokus ons op die verhaal van Jesus en die Samaritaanse vrou by die put in Johannes 4. Jy gaan deur hierdie verhaal uitgedaag word om ook soos sy, golwe te maak en God se lewende water (Sy hoop en liefde) met ander te deel.

DAAROM DIE TEMA - “MAAK GOLWE” OF IN ENGELS “MAKE WAVES” EN DIE UITDAGING OM GOD SE HOOP TE DEEL: “HOPE TO OTHERS = H2O”.



YSBREKERS





1.
Sneeu
of
reën?

3.
Vriesend
of
kokend?

6.
See of
swembad?

4.
Waterval of
bergpoel?

2.
Sambreel
of
floatie?

5.
Yskastert
of roomys?

JOHANNES 4:1-30 & 39-42 ('83)

1Die Fariseërs het gehoor dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes. – 2Eintlik was dit nie Jesus wat gedoop het nie, maar sy dissipels. – 3Toe Jesus dit verneem, het Hy Judea verlaat en weer na Galilea toe gegaan. 4Hy moes deur Samaria gaan.

5Hy kom toe by 'n dorp in Samaria met die naam Sigar, naby die stuk grond wat Jakob aan sy seun Josef gegee het. 6Die fontein van Jakob was daar, en Jesus het toe, omdat Hy moeg was van die reis, sommer by die fontein gaan sit. Dit was omtrent twaalfuur die middag. 7Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou water haal, en Jesus vra vir haar: “Gee My 'n bietjie water om te drink.”

8Sy dissipels was intussen weg dorp toe om te gaan kos koop. 9Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: “Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?” Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie.

10Jesus het haar geantwoord: “As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: **‘Gee My 'n bietjie water om te drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het.**”

11Die vrou sê toe vir Hom: “Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry? 12Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?”

13Maar Jesus antwoord haar: **“Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;** 14maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.”

15Die vrou het vir Hom gesê: “Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie.” 16Hy sê toe vir haar: “Gaan roep jou man en kom terug hierheen.” 17Die vrou het Hom geantwoord: “Ek het nie 'n man nie.” En Jesus sê vir haar: “Dis reg wat jy nou gesê het: ‘Ek het nie 'n man nie.’”

JESUS EN DIE SAMARITAANSE VROU

18Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat." 19Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is. 20Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem."

21Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. 22Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jode. 23Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. 24God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."

25Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak." 26Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat."

27Net toe het sy dissipels teruggekom en hulle was verbaas dat Hy met 'n vrou praat. Tog het niemand vir haar gevra: "Wat wil jy hê?" of vir Hom: "Waarom praat U met haar?" nie. 28Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê: 29"Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?" 30Die mense het toe uit die dorp uit na Jesus toe begin kom.

39Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het: "Hy het my alles vertel wat ek gedoen het." 40Toe die Samaritane by Hom kom, het hulle by Hom daarop aangedring om by hulle te bly. Hy het twee dae daar gebly. 41Nog baie meer van hulle het toe tot geloof in Hom gekom op grond van wat Hy gesê het; 42en hulle het vir die vrou gesê: "Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want **ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.**"

SESSIE 1: DORS! (VRYDAGAAND)

LEES JOHANNES 4:1-18, 26-2

Johannes 4:13-14

Jesus het geantwoord: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry, maar wie van die water drink wat Ek hom gee, **sal nooit weer dors kry nie**. Inteendeel, die water wat Ek hom gee, sal in hom 'n fontein word wat opspring tot die ewige lewe."

GROEPSVRAE:

- Noem 3 dinge wat vir jou belangrik is.
- Waarna **dors** (smag) mense op sosiale media of jou vriende die meeste?
- Wat dink jy het die Samaritaanse vrou gedink en gevoel toe sy vir Jesus ontmoet het?

HOOFGEDAGTE:

Die Samaritaanse vrou se storie is ook ons storie. Soos sy, dors ons almal vir aandag, liefde en sukses. Maar wêreldse dinge kan nie ons diepste dors les nie. Jesus nooi jou ook - ontmoet Hom, en jy sal nooit weer dors wees nie!

ENCOUNTERS:

**JESUS IS ONS SAVIOR KING, DELIVERER, HEALER, FRIEND, TEACHER,
HELPER, PEACE-MAKER EN IGNITER!**

SESSIE 2: DRINK! (SATERDAGOGGEND)

LEES JOHANNES 4:19-26

Johannes 4:10

Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te **drink**,' sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het."

GROEPSVRAE:

- Deel iets oor een van die gebedstasies ("encounters") wat jy gisteraand besoek het.
- Wat sou jy vir Jesus vra as jy 'n koffie-gesprek met Hom kon hê?
- Watter name ("labels") het ander mense al vir jou gegee?

HOOFGEDAGTE:

Jesus beantwoord die Samaritaanse vrou se vrae en leer haar dat die name ("labels") wat ander mense vir ons gee (of wat ons vir onself gee) nie belangrik is nie. Hy ken die ware jy en Hy wil in 'n verhouding met jou leef. Hy nooi jou om te "drink" van Sy lewende water - lewe in oorvloed.

SESSIE 3: DEEL! (SATERDAGAAND)

LEES JOHANNES 4:27-30, 39

Johannes 4:39

Baie van die Samaritane uit daardie dorp het in Hom geglo oor **wat die vrou getuig het...**"

GROEPSVRAE:

- Vertel van een van die werksinkels wat jy vandag bygewoon het.
- Vertel van iemand wat 'n groot invloed op jou lewe gehad het.
- Waarom dink jy het die Samaritaanse vrou na haar dorp toe teruggegaan?
- Wat het jou tot dusver in hierdie storie verras?

HOOFGEDAGTE:

Een ontmoeting met Jesus verander die Samaritaanse vrou se lewe heeltemal. 'n Skaam, eenkant en eensame vrou word 'n vrymoedige getuie wat haar storie deel sodat ander ook Jesus se liefde en vergifnis kan ervaar. Net so roep Jesus jou om 'n jou storie en jou gawes te deel.

ENCOUNTERS:

**JESUS CALLS YOU TO SHARE, SET FREE, HEAL,
BEFRIEND, TEACH, SERVE, MAKE PEACE EN IGNITE!**

SESSIE 4: MAAK GOLWE! (SONDAGOGGEND)

LEES JOHANNES 4:39-42

Johannes 4:42b

...ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is."

GROEPSVRAE:

- Waar het jy Jesus hierdie naweek ontmoet?
- Vertel watter gebedstasie ("encounter station") jou gisteraand inspireer het.
- Hoe het die Here met jou gesels deur die verhaal van die Samaritaanse vrou?
- Waarvoor is jy dankbaar?
- Waaroor is jy bekommerd t.o.v huis toe gaan?

HOOFGEDAGTE:

Die verhaal van die Samaritaanse vrou daag ons uit om deel van God se plan te wees - Hy het 'n droom vir Suid-Afrika en Hy wil jou gebruik om **golwe te maak** in jou huis, skool, gemeente en gemeenskap. Deel Jesus se lewende water "**H2O - Hope 2 Others**" en weet dat Hy altyd by jou bly.

DROOM - GLO - DOEN!

H2O = HOPE TO OTHERS!



VERLOSSER & HERE

LEES LUKAS 2:8-20

**“VANDAG IS DAAR VIR JULLE IN DIE
STAD VAN DAWID DIE VERLOSSER
GEBORE, CHRISTUS DIE HERE.”**

GESELS:

- Lees die storie en verbeel jou dat jy een van die herders was. Wat sien jy? Wat voel jy? Wat dink jy? Wat doen jy?
- Hoe het die herders se lewens verander ná hierdie ontmoeting met God?
- In vers 11 noem die engel vir Jesus die Verlosser en Christus die Here. Wat beteken hierdie twee titels?

DINK:

- Omkring al die emosies wat jy raaklees in vers 8-14. Watter van hierdie emosies ervaar jy op hierdie oomblik?
- Hoe beïnvloed Jesus jou emosies en lewensverhaal?

MAAK GOLWE:

Van die totale nasionale bevolking van ongeveer 62 miljoen, het 52.8 miljoen of 85.3% van Suid-Afrikaners hulself as lede van 'n Christelike denominasie geïdentifiseer. Dink net wat ons kan doen as elke Christen Jesus as die Verlosser-Koning verkondig en so leef!

- Kies woorde of kort sinne wat vir jou betekenisvol is. Kombineer dit met 'n foto of agtergrond en deel dit op Instagram of Facebook. Wees kreatief!
- Bid vir iemand by name, vir 'n hele week, wat nodig het om Jesus, die Verlosser-Koning, te leer ken.

#KOM ONS VERTEL


LEES LUKAS 2:8-20

“ALMAL WAT DIT GEHOOR HET WAS VERWONDERD OOR WAT DIE SKAAPWAGTERS HULLE VERTEL HET.”

#VERTEL JOU GELOOFSTORIE

Wat is al die werkwoorde (aksies) in verse 15-20? Watter leidraad gee hierdie woorde jou oor die maniere waarop jy jou God-storie kan deel?

Wat weet jy van ander godsdienste? Stel jou voor jy sit in 'n bus langs iemand van 'n ander geloof. Hoe sou jy 'n gesprek met hom/haar begin?



Jy is “Hope to Others” (H2O) - Laat ander se getuienisse jou inspireer. Besoek “yesHeis”, “lamsecond” of “imaginemovement” op YouTube. Wat is jou getuienis?

Die skaapwagters was arm en onopgeleid. Hulle was besig om na hul skape om te sien, maar dit het hulle nie gekeer om te deel nie. Agter watter verskonings skuil jy om nie die goeie nuus van Jesus te deel nie?



JESUS MY VRIEND

LEES JOHANNES 15:9-17
“JULLE IS MY VRIENDE..”

GESELS:

- Hoe beskryf Jesus die liefde wat Hy vir ons as sy dissipels het?
- In vers 15 sê Jesus dat Hy ons nie meer dienaars noem nie. Hoe verskil 'n vriendskap van 'n meester-dienaar verhouding?
- Hierdie gedeelte daag ons uit om nie net mense te bevriend waarvan ons hou nie. Wat beteken dit vir jou?

DINK:

- Wat beteken dit vir jou dat Jesus jou vriend is?
- Ons keuse van vriende sê baie oor wie ons is. Dink aan 'n tyd toe jy verras is deur 'n vriendskap.

MAAK GOLWE:

Het jy geweet dat Oktober Geestesgesondheidbewusmakingsmaand is? Meer as 50% van tieners tussen 15 en 18 jaar ervaar hoë vlakke van depressiesimptome, terwyl meer as 30% van tieners tussen 10 en 14 jaar hierdeur geraak word - hoofsaaklik omdat hulle eensaam voel en nie goed genoeg voel nie.

- Tydens pouse by die skool, neem beurte om by verskillende groepe te sit. Hou jou oë oop vir iemand wat alleen is en gaan gesels met hulle.
- Maak 'n bewuste besluit om vriende te wees met iemand uit 'n ander kultuur in jou klas. Gaan kuier by hulle huis en nooi hulle na joune.

#KOM ONS MAAK VRIENDE


LEES JOHANNES 15:9-17

“DIT IS MY OPDRAG: JULLE MOET MEKAAR LIEFHÊ SOOS EK JULLE LIEFHET”

Hoe jy jou vriende behandel (en hulle vir jou) is belangrik. Bring **“Hope to Others (H20)”** deur in goeie opbouende vriendskappe te belê.

#begin 'n Bybelstudie groep

Voltooi die uitnodiging en stuur met WhatsApp aan jou vriende.



Hallo

Dit sal wonderlik wees as jy by ons #imagine tiener-Bybelstudiegroep kan aansluit.



Datum:


Tyd:

Plek:

Die Bybelstudiegroep is 'n veilige ruimte waar ons ons geloof wil deel en mekaar aanmoedig. Ons het 'n #imagine tiener-Bybelstudieboekie met stories om te lees en vrae om te bespreek. Ons gaan ook na mekaar luister en vir mekaar bid.

Hoop om jou daar te sien! Jy is welkom om 'n vriend saam te bring.

Van



JESUS MY REDDER

LEES LUKAS 4:18-20
**“OM DIE ONDERDRUKTES IN VRYHEID
UIT TE STUUR...”**

GESELS:

- Lys die 5 dinge in hierdie teks wat Jesus doen wanneer Hy sy roeping beskryf.
- Wat beteken elkeen letterlik en figuurlik?

DINK:

- Waar in jou lewe het jy goeie nuus of hulp nodig?
- Is daar iets in jou lewe wat jou gevange hou of bedruk laat voel?
- Wat laat jou magteloos of gestres voel?

MAAK GOLWE:

Het jy geweet dat die Suid-Afrikaanse Angs- en Depressiegroep (SADAG) in 2023 gevind het dat die gemiddelde ouderdom vir dwelmverslawing in Suid-Afrika 12 jaar is, terwyl die helfte van die land se tieners ook alkohol gebruik?


- Watter vorme van verslawing en onderdrukking kan jy aan dink?
- Daag jouself uit om meer oor dwelms en verslawing asook depressie en angs te leer. Besoek www.sancanational.info asook www.rebootyourresilience.co.za

#KOM ONS BEVRY

LEES LUKAS 4:18-20
“DIE GEES VAN DIE HERE IS OP MY.”

- Hierdie kan Jesus se “mission statement” genoem word. Is dit ook joune?
- Wie word onderdruk, of wat veroorsaak onderdrukking in jou gemeenskap?

Dink saam oor idees om “Hope to Others (H2O)” te bring deur oorsake aan moontlike aksieplanne te koppel...



Water
Onderwys
Herwinning
Gesondheidsorg
Weeskinders
MIV/Vigs
Armoede
Werkloosheid
Dierewelsyn
Honger
Misdad
Verslawing
Rassisme
Seksisme
Evangelisasie
Rampe
Mensehandel

Skilder 'n banier
Begin 'n aanlyn protes
Reël 'n gebedsoptog
Begin 'n fondsinsamelingsprojek
Maak 'n TikTok
Begin 'n ondersteuningsgroep
Deel stories van hoop aanlyn
Dien by 'n organisasie wat reeds help
Maak 'n plakkaat/flyer
Plaas 'n WhatsApp-status
Skenk
Gee jou tyd en vaardighede
Reël 'n pretloop
Deel inligting van 'n betroubare bron
Reël 'n bewusmakingsweek
Leer iemand ken wat sukkel
Reël 'n opleidingswerkswinkel



JESUS MY GENEESHEER

LEES LUKAS 17:11-19

“JESUS, HERE, ONTFERM U OOR ONS!”

GESELS:

- Wat weet jy van melaatsheid?
- Wat dink jy is ons moderne vorm van melaatsheid?
- Ons ignoreer maklik mense wat ons op straat verbyloop. Hoekom het Jesus gestop en met hierdie melaatses gesels, ten spyte daarvan dat die wet hulle as onrein beskou het?

DINK:

- Genesing gaan nie net oor die fisiese nie; soms het ons ook emosionele genesing nodig. Waar of wanneer het jy gesien hoe Jesus mense genees, vir hulle hoop gee, blydschap bring, hul houding verander of vir hulle 'n nuwe doel gee?
- Noem die areas in jou lewe waar jy Jesus se genesing nodig het. Bid hieroor saam met iemand wat jy vertrou.

MAAK GOLWE:

Het jy geweet dat tieners in Suid-Afrika 'n groot deel van die bevolking uitmaak (17,4%) en tot 2,1% van die totale sterftesyfer bydra? Die hooforsake van tiener-sterftes is ongelukke, aanvalle, aansteeklike siektes soos tuberkulose en MIV en selfdood.

- Jesus het gestop en tyd gemaak vir die melaatses. Wanneer of waar moet jy stop en tyd maak om 'n verskil te maak?

#KOM ONS GENEES


LEES LUKAS 17:11-19


“EN EEN VAN HULLE HET, TOE HY SIEN DAT HY GENEES IS, OMGEDRAAI EN GOD HARDOP GEPRYS.”

In jou gemeenskap, noem die groep(e) mense wat nie maklik deur die res van die samelewing aanvaar word nie (die mense wat jy dikwels ignoreer). Wees die **“Hope to Others” (H20)** deur **#Diens** te doen by jou plaaslike kerk.



Plak jou foto
hier of op
instagram.





JESUS MY LEERMEESTER

LEES MATTEUS 28:16-20

“...MAAK DIE MENSE MY DISSIPELS”

GESELS:

- Beskryf hoe Jesus dissipels gemaak het en 'n voorbeeld vir sy volgelinge van 'n dissipelmaker was.
- Hoe het Hy die Evangelie gedeel, gewys en geleer terwyl Hy die wêreld gedien het?

DINK:

- Wat is Jesus besig om jou op hierdie oomblik te leer?
- Jesus eindig die gedeeltes met die woorde: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Watter verskil maak Jesus se belofte in jou lewe?

MAAK GOLWE:

Ons droom van 'n wêreld waar elkeen die geleentheid het om 'n goeie opvoeding te ontvang. Het jy geweet dat die eerste 1000 dae van 'n kind se lewe die belangrikste is vir brein- en fisiese ontwikkeling?

Gedurende hierdie tydperk vind intense fisiese- en breinontwikkeling plaas, met die brein wat vinniger groei as op enige ander tyd in 'n persoon se lewe.

- Maak 'n lys van al die onderwysers by jou skool. Neem elke dag 'n paar name en bid vir hulle op die naam.
- Vra jou vriende, familie, skool of kerk om ou skryfbehoeftes en basiese skoolklere te skenk en neem dit na 'n klein plattelandse skool of ander liefdadigheidsorganisasies.

#KOM ONS BEGELEI

LEES MATTEUS 28:16-20
“LEER HULLE OM ALLES TE ONDERHOU ...”

Watter veranderings of commitment moet jy maak om die “groot opdrag” (Jesus se laaste opdrag) elke dag en oral uit te leef om “**Hope to Others (H20)**” te bring?

**Hoekom begin jy nie deur ‘n #mentor te kry of een te wees nie?
Gesels weekliks oor...**

● Hoe gaan dit?
Wat was jou hoogtepunt en laagtepunt van die week?

● Hoe gaan dit met jou verhoudings met ander?

● Voel jy trots of skaam oor die keuses wat jy die afgelope week gemaak het? Vertel...

● Waar het jy God hierdie afgelope week in jou lewe of in die wêreld sien werk? Hoe het dit jou gevorm?

● Lees saam ‘n teks of doen ‘n #imagine Bybelstudie en bemoedig mekaar om te groei.

● Bid vir mekaar.

**ONTHOU, ‘N MENTOR STEL ‘N VOORBEELD, HOU BY AFSPRAKE, GEE OM VIR ANDER EN MOEDIG DIE ANDER PERSOON AAN OM SELF TE GROEI OP SY/HAAR EIE GELOOFSREIS.
LEES 1 TIMOTEUS 4:12**

JESUS MY HELPER

LEES MATTEUS 14:13-21
“HY HET HULLE INNIG JAMMER GEKRY.”

GESELS:

- Hoekom het Jesus gekies om die mense nie huis toe te stuur nie, maar eerder vir hulle iets te ete te gee?
- Wat beteken dit vir jou om te weet dat Jesus jou behoeftes sien en dat Hy deernis met jou het?

DINK:

- In Johannes 6:9 lees ons dat die vis en brood gegee is deur 'n seuntjie wat gekies het om sy bietjie kos te gee om baie mense te voed. Wat sê hierdie weergawe van die verhaal vir jou oor die manier waarop Jesus mense help?
- Hoe kan jy mededeelsaamheid en hulp aan ander 'n praktiese alledaagse deel van jou lewe maak?

MAAK GOLWE:

Ons sien 'n wêreld sonder armoede, ongeregtigheid en werkloosheid. Het jy geweet dat in die afgelope jaar, 12% van kinders in Suid-Afrika (byna 2.6 miljoen) in huishoudings gewoon het waar kinders honger ly? In 2022 was 53% van kinders (11.1 miljoen) arm, en 38% (7.9 miljoen kinders) was onder die voedsel-armoedegrens, wat beteken dat hulle nie genoeg voeding gekry het nie, wat die lewe uiters moeilik maak.

- Gaan deur jou kas of kamer. Is daar iets waarvan jy twee of meer het, of dinge wat jy nie meer gebruik nie? Versamel al hierdie items en skenk dit aan 'n organisasie (skuilings, kinderhuise, plaaslike kerke) wat dit kan gebruik.
- Neem 'n ekstra toebroodjie skool toe en gaan sit tydens pouse by 'n maat of groep wat half alleen is. Deel jou peuselhappies met hulle.









#KOM ONS HELP

LEES MATTEUS 14:13-21
“GEE JULLE VIR HULLE IETS OM TE EET.”

Jesus het vir sy dissipels gesê dat hulle vir die skare iets te ete moes gee. Hoekom dink jy het Jesus hulle uitgedaag om dit te doen? Wat is sommige van die behoeftes in jou gemeenskap waarmee jy uitgedaag word?

Wees die "Hope to Others (H20)" en #Reël 'n Plaaslike Uitreik .

Dink saam oor maniere waarop jy die volgende kan gebruik om 'n verskil in jou gemeenskap te maak.





JESUS MY VREDEMAKER

LEES MATTEUS 5:38-48
**“...DRAAI OOK DIE ANDER
WANG NA HOM TOE.”**

GESELS:

- Kyk weer na verse 38-42. Hoe verskil jou natuurlike reaksie van dié wat hier beskryf word?
- Hoekom sê Jesus dat ons ons vyande met liefde moet behandel? Hoekom is dit buitengewoon?
- Kan jy aan ander stories in die Bybel dink waar Jesus homself tweede gestel het?

DINK:

- Wat beteken dit vir jou dat Jesus vrede is en vir jou vrede gee?
- Dink aan iemand wat jy vandag kan bel of besoek om vrede te maak.

MAAK GOLWE:

Ons glo in 'n wêreld sonder haat, geweld en misdaad. In 2022/23 is 19 418 aangemelde gevalle van aanranding teen kinders gerapporteer, wat ongeveer 45,0% van alle misdade teen kinders in hierdie tydperk uitmaak. Alhoewel die aantal voorvalle afgeneem het, bly dit 'n groot bekommernis weens die traumatiese impak op jong slagoffers. Jy kan 'n verskil maak.

- Bak kolwyntjies en neem dit na die plaaslike polisiekantoor om jou ondersteuning te wys.
- Verbale, emosionele en fisieke boeliegedrag is baie algemeen in meeste gemeenskappe. Leer meer oor boeliegedrag en sluit aan by 'n teen-boelieveldtog. Besoek www.jagfoundation.org.za of Google #cool2Bkind.

#KOM ONS MAAK VREDE


LEES MATTEUS 5:38-48

**“WEES JULLE DAN VOLMAAK SOOS JULLE HEMELSE
VADER VOLMAAK IS.”**


- Vers 48 sê om volmaak te wees soos julle Hemelse Vader volmaak is. Hy is ons voorbeeld om na te volg. Hoekom dink jy eindig Jesus hierdie gedeelte op hierdie manier?
- Jy kan die **“Hope to Others (H2O)”** wees deur ‘n vredemaker te wees en brûe te bou.

#Bou ‘n Brug


Kleur die brug in wat jy besig is om te bou.




Vriend van ander
ouderdomsgroep




Vriend van ‘n ander kerk




Vriend van ander dorp




Vriend met ‘n ander soort
sport /stokperdjie




Vriend van ander kultuur



Vriend van ander skool



Vriend wat woon in ‘n
ander tipe huis



Vriend met ‘n ander
moedertaal



JESUS MY INSPIRASIE

LEES MARKUS 1:16-20
**“ONMIDDELIK HET HULLE DIE NETTE
GELOS EN HOM GEVOLG.”**

GESELS:

- Jesus het nie die toegewyde Joodse leiers van daardie tyd na Hom geroep nie, maar eerder gewone mense sonder spesiale opleiding—net dié wat gewillig was. Wat sê dit vir jou?
- Die dissipels moes hulle werk en families agterlaat om Jesus te volg. Hoekom dink jy het hulle dit gedoen?

DINK:

- Watter dinge staan vandag in die pad van mense om te besluit om Jesus voluit te volg?
- Waar in jou lewe kort jy passie vir Jesus? Deel dit met Hom en vra dat Hy jou passie vir Hom aan die brand steek.

MAAK GOLWE:

Jongmense wêreldwyd neem die inisiatief om probleme op te los. Het jy geweet dat jongmense in Suid-Afrika dikwels bespreek word, maar min gevra word om hul drome te deel? 34% van Suid-Afrikaneers is onder die ouderdom van 18. Jy het 'n stem – neem jou plek in en maak golwe!

- Slegs deur aksie kry woorde betekenis. Dink aan al die dinge in jou gemeenskap waarvoor jy en jou vriende kla. Maak 'n lys.
- Kies een kwessie van jou lys. Hoe kan jy aksie neem? (Kyk na die aksie-stasies vir meer idees.)

#KOM ONS INSPIREER

LEES MARKUS 1:16-20

**“KOM SAAM MET MY, EN EK SAL JULLE VISSERS VAN
MENSE MAAK.”**

Jy is gemaak om soveel meer te doen as wat jy kan droom of
“imagine”! Wees ‘n #inspirasie - deel “**Hope to Others (H2O)**”.

ORGANISEER A RE#IMAGINE EVENT:

- # Wie? (Kry ‘n groep vriende bymekaar)
- # Hoekom? (Deel idees oor brugbou)
- # Toestemming? (Gesels met ‘n onderwyser of kerkleier)
- # Geregistreer? (Stuur ‘n e-pos na info@imaginemovement.co.za om hulle van jou geleentheid te vertel)
- # Saam met? (Reik uit na ‘n ander skool/kerk/gemeenskap)
- # Het julle daarvoor gebid?
- # Tipe geleentheid? (bv. lofprysing en aanbidding, jeugweek, kamp, ens.)
- # Begroting? Kaartjiekoste?
- # Inhoud? (Encounter Stations, musiek, speletjies en pret)
- # Program? Bemarking?
- # Datum? Plek? Tyd?
- # Logistiek? (Kos/band/spreker/klank/dekor)
- # Foto’s? Terugvoer op sosiale media platforms?

ENCOUNTER STATIONS

**SKEP JOU EIE KREATIEWE GEBEDSTASIES BY
JOU KERK OF SKOOL.**



JESUS MY VERLOSSER HERE

Kniel by die kruis as 'n teken van jou toewyding aan die Verlosser-Koning. Kyk na die Bybelverse rondom jou, kies een wat met jou hart praat, en plaas dit op die kruis.



JESUS MY GENEESHEER

Skryf jou seer op 'n gebroke hart en bid dat Jesus jou seer sal genees.



JESUS MY LEERMEESTER

Skryf een ding op die bord neer wat jy onlangs by God geleer het, of 'n vraag wat jy oor jou geloof het.




JESUS MY INSPIRASIE

Skep 'n simbool van God, die Aansteker, met die klei, of maak 'n simbool van hoe God jou hart aan die brand steek.



JESUS MY VRIEND

Trek jou eie voete af as 'n teken dat jy God kies om jou vriend te wees, OF volg die voetspore na die kruis en dank God dat Hy jou vriend is.



JESUS MY REDDER

Maak 'n knoop in 'n tou los om te onthou dat God ons vrymaak. Vra God om jou te bevry van alles wat jou terughou om Hom met jou hele hart te aanbid.



JESUS MY VREDEMAKER

Skryf met jou vinger op die bodem van die emmer water die dinge neer wat jou vrede steel en bid dat Jesus jou Sy vrede sal gee.



JESUS MY HELPER

Neem 'n klein stukkie brood (happie-grootte) as 'n simbool van God se hulp. Bid oor die saak waarvoor jy hulp nodig het.

BID VIR...

GEBEDSONDERWERPE

GESOND

Ek sien 'n wêreld waar almal toegang het tot gesondheidsorg, skoon water en sanitasie.

GELIEFD

Ek sien 'n wêreld waar almal Jesus se liefde ervaar.

VREDE

Ek sien 'n wêreld sonder armoede, onreg en werkloosheid.

EENHEID

Ek sien 'n wêreld waar mense van verskillende rasse, kulture en ouderdomme met mekaar oor die weg kom.

BID VIR ELK VAN DIE VOLGENDE GOD-GEÏNSPIREERDE DROME VIR SUID-AFRIKA EN DIE WÊRELD. GEBRUIK DIT OOK OM TE BID VIR JOU EIE BEHOEFTE, FAMILIE EN VRIENDE, ASOOK VIR MENSE, PROJEKTE EN KWESSIES IN JOU EIE GEMEENSAP. BID DAT GOD JOU SAL GEBRUIK OM GOLWE TE MAAK EN BRING HOPE TO OTHERS (H2O).

FLOREER

Ek sien 'n wêreld sonder armoede, onreg en werkloosheid.

GEÏNSPIREER

Ek sien 'n wêreld waar jong mense inisiatief neem om probleme op te los.

VRY

Ek sien 'n wêreld waar mense vry is van verslawing en slawerny.

OPGELEI

Ek droom van 'n wêreld waar almal die geleentheid het om goeie onderwys te ontvang.

PRYS JESUS, DANK HOM EN MAAK TYD OM TE REFLEKTEER EN NA SY STEM TE LUISTER.

#IMAGINE

WAARHEEN STUUR JESUS JOU OM GOLWE TE MAAK EN
"HOPE TO OTHERS (H2O)" TE BRING.

HOU JOU GEKOSE ONDERWERP IN GEDAGTE EN DINK
SAAM OOR MANIERE OM IDEES IN AKSIE OM TE SIT.

SOSIALE MEDIA

Begin 'n bewusmakingsveldtog deur Twitter, Facebook, WhatsApp, ensovoorts te gebruik. Maak 'n Instagram-plasing. Plaas 'n Facebook-berig met inligting oor die onderwerp. Plaas oplossings of 'n uitdaging of 'n storie op tiktok.

KUNS

Skilder 'n banier. Maak kuns oor die onderwerp met herwinde materiaal Ontwerp 'n logo.

MUSIEK


Skryf jou eie lied. Of skryf nuwe woorde vir 'n bestaande lied. Gebruik 'n bekende lied en voeg visuele elemente by. Of skryf 'n gedig.

KINDERBEDIENING


Ontwerp 'n Bybelles of -craft en deel dit met die kinderkerk. Skryf 'n gesinsaktiwiteit vir jou gemeente. Skryf en voer 'n poppekas of drama op by die kategeese, erediens of by die skool.

GEBED

Ontwerp 'n gebedstasie. Skryf gebedsversoeke vir die onderwerp neer en deel dit.



AKSIE STASIES:



#

BYBELSTUDIE

Wat sê die Bybel oor hierdie onderwerp? Doen 'n Bybelstudie met 'n groep oor die onderwerp. Skryf 'n joernaal of blog oor die tema.



#

JOERNALISTIEK

Skryf 'n artikel vir die skoolkoerant of plaaslike koerant. Skryf 'n brief aan die plaaslike regering of leierskap. Skryf 'n fiksieverhaal om bewusheid te skep en deel dit aanlyn.

DRAMA

Maak 'n video van getuienisse. Skep en voer 'n toneelstuk op vir die skool of kerk.

DIEN

Raak betrokke by 'n plaaslike projek. Dien by 'n gemeenskapsentrum. Gee jou tyd en vaardighede. Skenk iets.

GESELS


Gesels met jou familie. Bel 'n gemeenskapsleier. Nooi 'n kerkleier vir koffie.

AKTIVEER

Begin 'n Bybelstudie-groep. Reël 'n gebedsoptog. Organiseer 'n jeugweek by die skool of kerk. Hou 'n Re-Imagine geleentheid. Begin 'n fondsinsamelingsprojek vir 'n spesifieke saak.

SPORT

Deel die #imagine droom met jou sportspan. Reël 'n pretloop. Reik uit na 'n ander skool of gemeenskap se sportspan.



#

GROEP SE NAAAM EN NOMMERS


“CONNECT” AANLYN



Like die #imagine Facebook-bladsy en deel jou geloofstorie met 'n video:
<https://www.facebook.com/imaginemove>
#ImagineFaithStory



Beskryf in EEN tweet wat jy van die #ImagineExperience wil onthou of deel die #Imagine aanhaling of teks wat jou inspireer.
#ImagineMovement2025




Deel 2 foto's van jouself saam met vriende terwyl julle in jul plaaslike gemeenskap, kerk of skool dien. Merk @imaginemovement!
#ImagineChallenge



Maak 'n getuienis video en post dit op TikTok. Tag #imaginemovement



Sluit aan by jou Experience WhatsApp-gemeenskap. Jy sal eerste die nuutste nuus ontvang!



Gaan teken in op ons YouTube-kanaal @imaginemovementsa. Deel die hoogtepunt-video of imagine liedere met familie en vriende!